Op pad vir Christus – www.ngkraggakamma.co.za

DIE KAT SE SNOR

Wysneus: Hey, wat maak jy?

Stoffel: Ek skryf.

Wysneus: ‘n Brief of ‘n boek?

Stoffel: Wat se boek?

Wysneus: Wat se boek skryf jy?

Stoffel: Ek skryf nie ‘n boek nie.

Wysneus: O, ek dog jy sê jy skryf ‘n boek?

Stoffel: Nee ek skryf ‘n brief vir die dominee.

Wysneus: ‘n Brief vir die dominee... sjoe dit klink belangrik.

Stoffel: Ja dit is belangrik en as hy dit gelees het sal hy sien ek is ook belangrik.

Wysneus: Kan ek lees wat jy geskryf het?

Stoffel: Jy kan Wysneus, maar net slim mense sal kan verstaan wat ek skryf.

Wysneus: Slim mense?

Stoffel: Ja, want dis ‘n baie slim brief met baie groot en moeilike woorde.

Wysneus: Toemaar Stoffel ek is seker ek sal dit verstaan en ek dink die maats is ook slim genoeg om dit te verstaan.

Stoffel: Ek dink nie so nie.

Wysneus: Maats, julle is mos slim. Moet ek Stoffel se brief vir julle lees?

Sien jy Stoffel, almal wil graag hoor wat jy geskryf het.

Stoffel: Nou goed dan, maar miskien moet ***jy*** liewer die brief lees.

Wysneus: Gaan jy dit sommer vir ons lees?

Stoffel: Nee.

Wysneus: Nie?

Stoffel: Nee.

Wysneus: Hoekom nie? Ek dog dan jy’t gesê ons kan dit maar lees.

Stoffel: Ja ek het.

Wysneus: Nou hoekom wil jy dit dan nie lees nie?

Stoffel: Sommer nie.

Wysneus: Hoekom sommer nie?

Stoffel: Hoekom sommer nie wat nie?

Wysneus: Hoekom sommer wil jy dit nie lees nie?

Stoffel: Want... want... want jy moet dit lees.

Wysneus: Nou goed dan, maar ek verstaan nog nie hoekom jy dit nie wil lees nie.

Stoffel: Ek dink as jy dit lees sal jy weet hoekom.

Wysneus: Nou goed, kom ek lees: Hoogdawerend die uwe rig ek met hoogmoedige ootmoed en rykhalsende verlange hierdie skriftuurlike skrywe aan U met betrekking tot die alomteenwoordige, onboetvaardige benoudheid van die nuutvolprese welbehae...?!

Liewe land Stoffel, maar jy gebruik groot woorde. Maats kan julle uitmaak waarvan Stoffel skyf. Nie? Nee, ek kan ook nie kop of stert van jou geskrywery uitmaak nie.

Stoffel: Ek ok nie. Nie ‘n stert of ‘n kop nie.

Wysneus: Wil jy vir my sê jy weet nie wat jy hier geskryf het nie?

Stoffel: Natuurlik nie.

Wysneus: Nou hoekom skryf jy dit dan?

Stoffel: Dat die dominee moet dink ek is slim en belangrik.

Wysneus: Hy sal nie dink jy is slim of belangrik nie.

Stoffel: Natuurlik sal hy. Belangrike mense praat altyd in hoë tale wat niemand verstaan nie. Ek het al gehoor op die tiewie as die polisietie in die peperment praat, praat hulle altyd in groot woorde.

Wysneus: Jy bedoel seker die politici in die parlement.

Stoffel: Net so, die polisietie in die peperment.

Wysneus: Maar waar kom jy aan al die groot woorde wat jy hier neergeskryf het?

Stoffel: In die Bybel.

Wysneus: Die Bybel?

Stoffel: Ja, ek het die Bybel gevat en die woorde wat ek nie ken nie en wat slim klink so in ‘n ry neergeskryf.

Wysneus: Nou hoekom wil jy hê die dominee moet dink jy’s slim?

Stoffel: Want dan kies hy my dalk as ‘n dilaken

Wysneus: ‘n Diaken?

Stoffel: Ja! Of nog beter: ouerding.

Wysneus: ‘n Ouerding?

Stoffel: Ja, amper soos ‘n dilaken maar net ouer en belangriker.

Wysneus: ‘n Ouderling?

Stoffel: Net so ja.

Wysneus: Nou hoekom wil jy ‘n ouderling wees, Stoffel?

Stoffel: Want dan kan ek saam met die dominee in die konsertstorie skinner en voor op die verhoog sit omdat ek belangrik is.

Wysneus: Maar Stoffel, ouderlinge is nie belangriker as ander mense nie.

Stoffel: Natuurlik is hulle. En as ek eers een is, kan die ander mense in die kerk na my opkyk.

Wysneus: En jy seker op hulle neerkyk?

Stoffel: Ja, net so, want dan is ek baie, baie belangrik.

Wysneus: Nes die kat se snor.

Stoffel: Die kat se snor? Nee sies, nie die kat se snor nie. Ek het al gesien waar hy sy snor oral indruk en ek wil nie die kat se snor wees nie.

Wysneus: Nie letterlik nie Stoffel, dis ‘n spreekwoord wat beteken iemand dink hy is baie belangrik.

Stoffel: ‘n Speekwoord? Dit klink ook na een van daai groot woorde in my brief.

Wysneus: Ja, nogal.

Stoffel: Nou ja, dan wil ek die kat se snor wees, lat die dominee kan dink ek is slim en lat ek baie belangrik en beter as ander mense kan wees.

Wysneus: Stoffel, maar om te dink jy is beter as ander mense is sonde.

Stoffel: Is nie! Ek dink dis lekker.

Wysneus: Wel, al dink jy dis lekker, bly dit nog steeds verkeerd.

Stoffel: Regtig?

Wysneus: Ja, jy kan maar vir die maats vra as jy my nie wil glo nie.

Stoffel: Maats, is dit rerig sonde om belangrik te wil wees en op ander neer te kyk?
Sjoe ek het dit nie geweet nie.

Wysneus: Onthou jy wat Jesus gedoen het, Stoffel?

Stoffel: Eehh... Ja?

Wysneus: Wel...?

Stoffel: Wel wat?

Wysneus: Wel, wat het hy gedoen?

Stoffel: O, moet ek sê wat Jesus gedoen het?

Wysneus: Ja.

Stoffel: Wel... hy... hy het...

Wysneus: Hy het aarde toe gekom om te dien, en nie om gedien te word nie.

Stoffel: Regtig?

Wysneus: Ja. En onthou jy Stoffel, Jesus het nooit gedink hy is belangriker as ander mense nie, selfs al is Hy, want hy's mos God se seun.

Stoffel: Nie?

Wysneus: Nee, onthou jy... Hy's in 'n stal gebore en Hy't sy dissipels se voete gewas.

Stoffel: Ja en om voete te was is nie baie belangrik nie.

Wysneus: Glad nie. En jy wil mos eerder soos Jesus wees as om belangrik te wees.

Stoffel: Ja….. mag ek dan nie meer 'n ouderling of 'n diaken wees nie?

Wysneus: Natuurlik mag jy, maar nie omdat jy belangrik wil wees nie, maar omdat jy die Here en die kerk wil dien.

Stoffel: Dan gaan ek nou 'n ander brief skryf.

Wysneus: 'n Ander brief?

Stoffel: Ja, een wat ek kan verstaan. Dan gaan ek vir die dominee sê ek is nie baie slim en belangrik nie, maar ek sal graag in die kerk wil dien, en dit hoef nie op die kerkraad te wees nie.

Wysneus: Nie?

Stoffel: Nee, ek kan enige plek help, soos stoele skuif en speakers dra en as hy wil kan ek die dominee se voete ok was. Maar as ek dit moet doen sal hy vir my 'n wasgoedpennetjie moet gee.

Wysneus: Waarvoor 'n wasgoedpennetjie?

Stoffel: Om my neus toe te knyp as sy voete stink!

(Geskryf deur Danie Matthee)